ESKATOLOGIE
JESUS: Laat die kindertjies na my toe kom

Fokus teks: Matteus 19: 13-15, 2022.
Liedere: Gesang 543: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 544: 1-3; Gesang 553; Gesang 268 x 2.

AANKONDIGINGS:

- Ons wil graag baie geluk sê aan die gemeentelede wat in die komende week hulle verjaarsdae vier. Sondag 8 November vier Lenore Ackerman en Ava Carstens hulle verjaarsdae. Maandag 9 November is dit Carla Viljoen se verjaarsdag, en Saterdag 14 November vier Elsie Piek haar verjaarsdag. Baie geluk aan elkeen van julle! Mag die nuwe lewensjaar vir julle gevul wees met die Here se liefde, genade, goeie gesondheid en talle seëninge.
- Die Kersgety is 'n besondere geleentheid om ook Zuurfontein Gemeente op jou Kersfeeslysie te plaas! Ons nooi elke lidmaat hartlik uit om vanjaar deur 'n spesiale Kersgeskenk aan die gemeente 'n bydrae te lewer tot die voortgesette bediening en dienswerk van ons gemeente. Jou bydrae kan kontant in die Kerskoevert, by die kerkkantoor of deur middel van 'n elektroniese fondsoorbetaling (EFT) gemaak word. Elke bydrae, groot of klein, maak 'n verskil en help ons om voort te gaan om as geloofsgemeenskap te groei, te glo en te getuig. Kom ons maak hierdie Kersgety

ook 'n geleentheid om met dankbaarheid iets terug te gee en saam verantwoordelikheid te neem vir die bediening van Zuurfontein Gemeente. Baie dankie dat jy ons gemeente ook op jou Kersfeeslysie plaas!

- KOFFIEGESPREK – JY IS NORMAAL: Verlies van ’n geliefde bring baie emosies, vrae en onsekerhede mee. Daarom nooi ons jou, wat 'n geliefdes aan die dood afgestaan het, hartlik uit na ’n gesellige Koffiegesprek op Woensdag 11 November 2026 om 10:15 in die konferensiekamer. Dr Hannes Janse van Rensburg sal die gesprek lei rondom die tema: “Jy is normaal.” Kom geniet ’n koppie koffie, deel jou ervarings en ontdek dat dit normaal is om op verskillende maniere deur rou en verlies te gaan. Bespreek asseblief vooraf jou plek @ dr Hannes (0829273700).

LIEF & LEED:

-

ESKATOLOGIE
JESUS: Laat die kindertjies na my toe kom

Fokus teks: Matteus 19: 13-15, 2022.
Liedere: Gesang 543: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 544: 1-3; Gesang 553; Gesang 268 x 2.

KLOK:

Vandag dink ons weer oor ESKATOLOGIE. Dit is 'n groot woord wat beteken dat ons nadink oor God se toekoms en sy belofte dat Hy alles nuut sal maak. Ons weet nie presies wat môre gaan gebeur nie, maar ons weet dat God in beheer is. Jesus het belowe dat Hy weer kom. Daarom leef ons met hoop, want God hou vandag én môre in sy hande!

Vandag is ook 'n spesiale dag waarop ons ons kinders vier en erkenning gee vir hulle kategesebywoning. Ons is dankbaar vir elke kind. Julle is kosbaar en ons is bly dat julle deel van ons gemeente is!

Die liturgiese kleur is groen. Groen herinner ons aan lewe, groei en hoop. Soos ons kinders groei, groei ons ook saam in ons geloof. Mag ons almal met vertroue en vreugde uitsien na God se nuwe toekoms!

Fokus teks: Matteus 19: 13-15, 2022.
Liedere: Gesang 543: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 544: 1-3; Gesang 553; Gesang 268 x 2.

TOETREDE: Gesang 543: 1-3 ~ Here Jesus, ek is klein.

VOTUM:

Kom, kinders en grootmense, kom luister en leer van die Here! Die Here nooi ons om na Hom toe te kom. Hy wil ons leer hoe goed Hy is en hoe lief Hy ons het. Ons hulp is van die Here, wat hemel en aarde gemaak het.

SEËN:

Aan almal wat God liefhet en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort: Genade en vrede vir ons van God ons Vader en die Here Jesus Christus. Amen.

LOFSANG: Gesang 542: 1-2 ~ Jesus, ons loof U!

WIL VAN GOD: Galasiërs 5: 22-23

Het julle al gesien hoe 'n vrugteboom vrugte dra? 'n Appelboom dra appels en 'n lemoenboom dra lemoene.

Maar weet julle dat God wil hê dat ons ook vrugte moet dra?

Die Bybel vertel vir ons van die vrug van die Heilige Gees. Dit is nie vrugte wat ons kan eet nie, maar mooi eienskappe wat ander mense in ons lewens moet kan raaksien.

Wanneer die Heilige Gees in ons werk, groei daar liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing in ons lewens. Wanneer ons iemand help, vriendelik is, vergewe, geduldig wag of liefde wys, dra ons hierdie vrugte!

En weet julle wat is die wonderlikste? Wanneer mense hierdie vrugte in ons lewens sien, kan hulle iets van Jesus wat in ons leef, raaksien! Daarom vra God vandag vir elkeen van ons, kinders én grootmense: Laat die vrug van die Gees in julle lewens sigbaar word! So wys ons vir die wêreld dat Jesus leef en bring ons eer aan God. Amen.

Fokus teks: Matteus 19: 13-15, 2022.
Liedere: Gesang 543: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 544: 1-3; Gesang 553; Gesang 268 x 2.

GELOOFSBELYDENIS: Gesang 544: 1-3 ~ Soos die voëltjies van die hemel

SKRIFLESING: Matteus 19: 13-15, 2022

[13]Daarna het mense kindertjies na Jesus toe gebring sodat Hy sy hande op hulle koppe kon sit en vir hulle kon bid. Jesus se dissipels het hulle egter streng verbied om dit te doen.

[14]Jesus sê toe vir Sy dissipels: “Hou op daarmee en los die kindertjies! Julle mag hulle nie keer om na My te kom nie. Die nuwe wêreld van God is juis bedoel vir mense soos hulle. Ja, God se nuwe wêreld behoort aan hulle!

[15]Nadat Jesus vir die kindertjies gebid het, het Hy van daar af verder gegaan.

PREEK:

Ek dink aan 'n Afrikaanse liedjie van Ruben Lennox met die titel: *Kinders was nog kinders toe ons nog kinders was*. Net die titel laat 'n mens al 'n bietjie glimlag en dink. Dit roep herinneringe aan ons eie kinderjare op. Aan die

dae toe ons buite gespeel het, kaalvoet deur die strate gehardloop het, allerhande planne gemaak het en soms dinge aangevang het waaroor ons ouers nie noodwendig so opgewonde was nie.

Die liedjie neem 'n mens terug na 'n ander tyd. 'n Tyd waarna ons soms met heimwee verlang. Ons onthou hoe dinge was, hoe ons grootgeword het en hoe anders die wêreld destyds gelyk het. En dalk is daar iets besonders aan hierdie verlange. Wanneer ons terugkyk, onthou ons nie net ons kinderjare nie; ons onthou ook die mense wat deel was van ons grootwordjare.

Maar: Is ons so besig om terug te verlang na die dae toe ons kinders was, dat ons vergeet om vandag ruimte te maak vir die kinders wat nou grootword?

Ons kan verlang na die dae toe die kerkgebou vol kinders was, toe Sondagskoolklasse groot was en gesinne Sondae saam kerk toe gekom het. Ons kan wonder waarheen al die kinders verdwyn het. Maar dalk is dit tyd

om op te hou om net terug te kyk en eerder vorentoe te kyk.

Die vraag is nie hoe ons weer die kerk vol kinders kan kry nie. Die vraag is: Hoe word ons 'n gemeente waarin kinders ook vandag welkom is, waar hulle kan glo, groei, deelneem en saam met ons in God se koninkryk grootword

Wanneer ons Matteus 19:13-15 lees, ontdek ons dat Jesus reeds lank gelede met hierdie uitdaging geworstel het. Sy dissipels wou die kinders wegstuur. Jesus het egter gesê: "*Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie.*"

Vandag lyk die prentjie op baie plekke anders. Kinders in die eredienste word minder. Sondagskoolklasse krimp. Gesinne se programme is vol en daar is baie ander dinge wat om hulle aandag meeding. Die kerk is nie meer vanselfsprekend deel van elke gesin se Sondagroetine nie.

Hoe dink Jesus oor kinders? En watter plek behoort kinders in die gemeente van Christus in te neem? Wanneer ons Matteus 19:13-15 lees, ontdek ons 'n merkwaardige ontmoeting tussen Jesus, kinders en sy dissipels.

Om hierdie gedeelte goed te verstaan, moet ons iets van die destydse kultuur en samelewing begryp. In die antieke Mediterreense wêreld was die samelewing sterk hiërargies. Ouderdom, geslag, familieposisie en sosiale aansien het bepaal watter plek iemand in die samelewing ingeneem het. Kinders was afhanklik van volwassenes en het nie noodwendig die sosiale aansien geniet wat ons vandag graag aan hulle gee nie. Hulle was belangrik binne die familie, maar het min invloed of status in die breër samelewing gehad.

In hierdie verhaal bring mense hulle kindertjies na Jesus sodat Hy hulle kan aanraak en vir hulle kan bid. Die dissipels berispe egter die mense. Hulle dink waarskynlik

dat Jesus se tyd en aandag vir belangriker sake gebruik moet word. Ons moet onthou dat Jesus 'n rabbi en leermeester was. Daar was mense wat genesing nodig gehad het, belangrike gesprekke wat gevoer moes word en groot vrae oor die koninkryk van God wat aandag gevra het.

Maar Jesus reageer anders. Markus vertel dat Jesus verontwaardig was. Hy sê: "*Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.*" Jesus sien nie kinders as 'n onderbreking van sy bediening nie. Hulle is deel van sy bediening!

Jesus is nie bloot net vriendelik teenoor kinders nie. Hy beskou hulle as belangrik genoeg om hulle te laat deel in sy bediening. Die dissipels wou hulle wegstuur. Jesus nooi hulle nader.

Jesus gaan selfs verder. Hy gebruik die geleentheid om sy dissipels iets oor die koninkryk van God te leer. Hy sê

dat iemand wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, beslis nie daar sal ingaan nie. Dit beteken nie dat kinders sonder foute of sonder sonde is nie. Jesus verwys eerder na die afhanklikheid en ontvanklikheid van 'n kind. 'n Kind weet dat hy moet ontvang. Hy kan nie alles self doen nie. Hy is afhanklik van ander se liefde en versorging.

Dit is ook hoe ons voor God moet staan. Ons verdien nie God se genade nie. Ons ontvang dit. Ons kom nie na God omdat ons belangrik, geleerd of invloedryk is nie. Ons kom omdat Hy ons liefhet. Die koninkryk van God werk anders as die wêreld. Hier word mense nie volgens ouderdom, prestasie of status beoordeel nie. Daarom maak Jesus ruimte vir diegene wat ander dalk maklik miskyk.

Hierdie verhaal laat ons verder nadink oor die plek van kinders in die kerk van vandag.

In Deuteronomium 6 word ouers opgeroep om die verhale en gebooie van die Here met hulle kinders te deel. Hulle moet daaroor praat wanneer hulle tuis is, wanneer hulle op pad is, wanneer hulle gaan slaap en wanneer hulle opstaan.

Psalm 78 herinner ons daaraan dat ons die groot dade van God aan die volgende geslag moet vertel. In Efesiërs 6:4 word ouers opgeroep om hulle kinders in die opvoeding en onderrig van die Here groot te maak.

Dit is dus duidelik dat geloofsvorming nie net die verantwoordelikheid van die predikant, Sondagskoolonderwyser of onderwyser is nie. Dit is die verantwoordelikheid van die hele geloofsgemeenskap.

Kinders is nie net die kerk van môre nie. Hulle is vandag reeds deel van die gemeente van Christus.

Ons moet ophou om kinders as toeskouers in die kerk te beskou. Hulle is nie bloot mense wat eendag, wanneer

hulle groot is, 'n bydrae tot die gemeente kan lewer nie. Hulle het vandag reeds gawes, vermoëns, vrae en geloofservarings wat deel van die gemeente se lewe kan word.

Dink maar hoeveel ons by kinders kan leer. Hulle vra soms vrae wat ons geloof weer nuut laat dink. Hulle kyk met verwondering na dinge wat ons as volwassenes lankal as vanselfsprekend aanvaar. Hulle herinner ons dat geloof ook oor vertroue, afhanklikheid en verwondering gaan.

Dalk moet ons ophou om net te praat oor die kinders wat nie meer in die kerk is nie, en begin dink oor hoe ons die kinders wat wel hier is, deel kan maak van die gemeente se bediening.

Ons moet vir hulle ruimte gee. Laat hulle saam bid, sing, Bybellees en aan eredienste deelneem. Betrek hulle by gemeentelike projekte, omgee en dienswerk. Gee hulle geleenthede om hulle gawes te ontdek en te gebruik.

Dit beteken ook dat ons soms anders sal moet dink oor ons eredienste en gemeentelike aktiwiteite. Kinders beweeg soms rond. Hulle vra vrae. Hulle maak soms geraas. Maar dalk moet ons onsself afvra of 'n kerk waar alles altyd stil en ordelik moet wees, noodwendig 'n kerk is waar kinders maklik tuis voel.

Ons hoef nie elke erediens in 'n kinderdiens te verander nie. Ons moet eerder 'n gemeente wees waarin kinders en volwassenes saam voor God kan staan en saam kan groei in geloof. Dit vra geduld, kreatiwiteit en soms verandering. Maar dit vra veral liefde.

Ek wil afsluit met 'n eenvoudige gedagte. Stel jou 'n kind voor wat op 'n Sondagoggend saam met sy ouers by die kerk aankom. Hy verstaan dalk nie alles wat gesê word nie. Hy ken nie al die liedere nie. Hy kan dalk nie lank stil sit nie. Maar hy is hier.

Wat gaan hierdie kind in ons gemeente beleef? Gaan hy ontdek dat hy welkom is? Gaan iemand sy naam leer ken? Gaan iemand hom help verstaan dat God hom liefhet? Gaan hy ervaar dat hierdie gemeente ook sy geloofsfamilie is?

Miskien onthou hy/sy nie alles wat die predikant gesê het nie. Maar hy sal onthou of daar vir hom plek was. Hy/Sy sal onthou of mense hom raakgesien het. Hy/Sy sal onthou of hulle gevoel het dat hulle behoort.

Dit is waarom Jesus se woorde vandag nog so belangrik is: *"Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie."*

Gemeente, ons moet ophou om kinders as die kerk van môre te beskou en begin om hulle vandag as medewerkers in God se koninkryk te verwelkom. Ons kan nie waarborg dat elke kind wat vandag in ons gemeente grootword, môre nog hier sal wees nie. Maar ons kan

vandag sorg dat elke kind wat hier kom, iets van Christus se liefde beleef.

Die vraag is dus nie net hoeveel kinders Sondag in die kerkgebou sit nie. Die vraag is of hulle in ons gemeente ruimte kry om te glo, te groei, te dien en deel te wees. Jesus het die kinders nadergetrek. Mag ons gemeente dieselfde doen. Want kinders is nie net die kerk van môre nie. Hulle is vandag reeds deel van God se koninkryk! Amen.

SLOTSANG: Gesang 553 ~ Ek is bly ek ken vir Jesus

DIPLOMAS:

Anderson, Ruby / Silwer
Badenhorst, Le-Che / Brons
Baptista, Leo / Brons
Barnard, Juandro / Goud / Beste bywoning gr8-10
Barnardo, Heiley / Goud
Botha, Bianca / Goud
Botha, Kayla / Brons

Fokus teks: Matteus 19: 13-15, 2022.
Liedere: Gesang 543: 1-3; Gesang 542: 1-2; Gesang 544: 1-3; Gesang 553; Gesang 268 x 2.

Chené Barnard / Goud

Engelbrecht, Leah / Brons

Helberg, Alexis / Goud / Beste bywoning gr 11

Kotze, Nala / Goud

Kotze, Tian / Goud

Le Roux, Anche / Goud / Beste bywoning gr8-10

Le Roux, Jakes / Goud / Beste bywoning gr 5-6

Oelofse, Luhan / Goud / Beste bywoning gr 11

Pretorius, Drean / Goud / Beste bywoning gr1-4

Viljoen Hennig / Goud / Beste bywoning gr 11

Viljoen, Anna-Mart / Goud

Viljoen, Carla / Goud

GEBED:

SEËN: Gesang 268 x 2 ~ Seënbede